

**Skriflesing:** Levitikus 23:23-32; Levitikus 16:1-10; Hebreërs 10:19-25

**Teks:** Levitikus 23:26-32

**Sing-** Ps. 19:1; Ps. 65:2; Ps. 86:8; Ps. 40:5

**Levitikus 23:23-32**

**Lev 23:23** En die HERE het met Moses gespreek en gesê:

**Lev 23:24** Spreek met die kinders van Israel en sê: In die sewende maand, op die eerste van die maand, moet dit vir julle 'n rusdag wees, 'n gedenktag deur basuingeklank, 'n heilige vierdag.

**Lev 23:25** Géén beroepswerk mag julle doen nie; maar julle moet aan die HERE 'n vuuroffer bring.

**Lev 23:26** Verder het die HERE met Moses gespreek en gesê:

**Lev 23:27** Maar op die tiende van hierdie sewende maand is dit die versoendag. 'n Heilige vierdag moet dit vir julle wees; dan moet julle jul verootmoedig en aan die HERE 'n vuuroffer bring.

**Lev 23:28** En op daardie selfde dag mag julle géén werk doen nie, want dit is 'n versoendag om vir julle versoening te doen voor die aangesig van die HERE julle God.

**Lev 23:29** Want elkeen wat hom op daardie selfde dag nie verootmoedig nie, moet uit sy volksgenote uitgeroei word.

**Lev 23:30** Ook elkeen wat op daardie selfde dag enige werk doen, dié siel sal Ek uitroei onder sy volk uit.

**Lev 23:31** Julle mag géén werk doen nie; dit is 'n ewige insetting vir julle geslagte in al julle woonplekke.

**Lev 23:32** 'n Dag van volkome rus moet dit vir julle wees, en julle moet jul verootmoedig. Op die negende van die maand in die aand, van aand tot aand, moet julle jul sabbat hou.

**Levitikus 16:1-10**

**Lev 16:1** En die HERE het met Moses gespreek ná die dood van die twee seuns van Aäron, wat gesterf het toe hulle voor die aangesig van die HERE nader gekom het;

**Lev 16:2** en die HERE het aan Moses gesê: Spreek met jou broer Aäron dat hy nie te eniger tyd moet ingaan in die heiligdom nie, binnekant die voorhangsel, voor die versoendeksel wat op die ark is, sodat hy nie sterwe nie; want Ek verskyn in die wolk op die versoendeksel.

**Lev 16:3** Hiermee moet Aäron in die heiligdom ingaan: met 'n jong bul as sondoffer en 'n ram as brandoffer.

**Lev 16:4** Hy moet 'n heilige linnerok aantrek en 'n linnebroek moet oor sy vlees wees en met 'n linnegordel moet hy hom gord en 'n linnetulband moet op sy hoof wees. Dit is heilige klere; en hy moet sy liggaam in die water bad en dit aantrek.

**Lev 16:5** En van die vergadering van die kinders van Israel moet hy twee bokramme as sondoffer en een ram as brandoffer neem.

**Lev 16:6** Dan moet Aäron die sondofferbul wat vir hom bedoel is, aanbring en vir hom en sy huis versoening doen.

**Lev 16:7** Hy moet ook die twee bokke neem en hulle voor die aangesig van die HERE stel by die ingang van die tent van samekoms.

**Lev 16:8** En Aäron moet oor die twee bokke die lot werp, een lot vir die HERE en een lot vir Asásel.

**Lev 16:9** Dan moet Aäron die bok aanbring waar die lot vir die HERE op gekom het en hom as sondoffer berei;

**Lev 16:10** maar die bok waar die lot vir Asásel op gekom het, moet lewendig voor die aangesig van die HERE gestel word, om oor hom versoening te bewerk deur hom vir Asásel in die woestyn te stuur.

**Hebreërs 10:19-25**

**Heb 10:19** Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus

**Heb 10:20** op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees,  
**Heb 10:21** en ons 'n groot Priester oor die huis van God het,  
**Heb 10:22** laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid, die harte deur besprenkeling gereinig van 'n slegte gewete en die liggaam gewas met rein water.  
**Heb 10:23** Laat ons die belydenis van die hoop onwankelbaar vashou, want Hy wat dit belooft het, is getrou;  
**Heb 10:24** en laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor;  
**Heb 10:25** en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom.

**Skriflesing:** Levitikus 23:23-32; Levitikus 16:1-10; Hebreërs 10:19-25

**Teks: Levitikus 23:26-32**

**Sing- Ps. 19:1; Ps. 65:2; Ps. 86:8; Ps. 40:5**

Ons het verlede Sondag al gehoor, geliefde broeder en suster, dat Israel se tweede seisoen van feeste, die Loofhuttefeesgety bestaan eintlik uit 3 feeste. Die fees van die basuine/trompette en vandag die fees van die groot versoendag en dan die laaste fees word die hoogtepunt. Die Loofhuttefees, waar die fees van die trompette en die groot versoendag na hierdie Loofhuttefees heen wou lei. Al hierdie feeste in die tweede seisoen van feeste wys op die tweede koms van Christus.

\*\*\*

Ons het verlede Sondag ook gehoor dat Paasfees bring ons by die vrede van God, Pinkster bring ons by die krag van God en dit waarmee ons nou besig is, hierdie laaste feeste wil ons bring by die rus van God. Die trompette het hierdie rus aangekondig. Vandag is die kern dat daar vir die mens geen rus kan wees as ek nie met God versoen is nie. Eers as daar versoening is, kan daar voortdurend gemeenskap met God wees. Daardie durende gemeenskap wat deur die Loofhuttefees aangedui word, het as voorwaarde ware versoening met God.

Die Jode noem hierdie fees in besonder *Yom Kippur* letterlik vertaal die dag van die versoening. Deurlopend sal ons hier met hierdie fees die hande moet lê op wat is ware versoening. Geliefdes, ons gebruik spesifiek die uitdrukking die hande oplê, want sal u agterkom met hierdie fees is dit nie maar net 'n uitdrukking nie, hier beteken die hande oplê iets meer letterlik, meer konkreet. Ons staan by Levitikus 4 en elke keer lees ons i.v.m. met dieselfde fees iets baie belangrik. V.4 Die priester *moet sy hand op die kop van die bul lê;* vers 15- ... en weer vers 24- **24** *en hy (die owerste) moet sy hand op die kop van die bok lê-* en ook vir die volk geld vers 33- **33** *en hy moet sy hand op die kop van die sondoffer lê.* Hierdie is 'n fees van die hande moet daarop gelê word.

\*\*\*

Ja, ons sal by hierdie fees eindig om te kom by net die Een om Wie dit waarlik vir ons moet gaan, nl. ons Here Jesus Christus. Op Hom moet die hande gelê kan word. As ek my hand nie op Hom kan lê nie, dan kan daar vir my geen versoening wees nie. Die blote feit dat Jesus gesterf het bring my nie in die hemel nie. Al is daar 'n heerlike onuitputlike bron van vars koel water, sal die water nie kan verhoed dat die dorstige siel beswyk as daardie persoon nie by die water uitkom nie, ja as hy nie sy hande op daardie water kan lê nie, dan help daardie wonderlike water hom net mooi niks! Die meeste mense op aarde gaan verlore, ondanks die dramatiese feit van Jesus Christus se volkome offer aan die kruis. Dit om die eenvoudige rede hulle kon nie hulle hande op Jesus lê nie.

Daarom geliefdes, ons het dit so nodig om oor ware versoening vanoggend te handel. U moet u hande daarop kan lê wat hierdie ware versoening waarlik is, wat dit werklik vir my beteken? Waarby kom ek uit as ek met God versoen is en omgekeerd, die een wat nie met God versoen is nie, waar kom hy/sy uit?! Versoening bewerk eenwording en gemeenskap-

Die Engelse praat van atonement. Wanneer hierdie Engelse woord in drie dele gelees word dan lees ons – at-one-ment. Hulle wat vanmekaar verwyder was, ek moet waarlik bedoel, ek moet waarlik “ment” met die een van wie ek verwyder staan. Daar kan nie versoening wees as daar nie vooraf erkenning en belydenis plaasgevind het nie. Die dinge wat partye uitmekaar uit hou, dit kan swaar dinge wees, hindernisse, struikelblokke, ek moet eers my hande daarop kan lê, daardie dinge moet eers verwyder word voordat daar versoening kan wees.

Israel het hierdie “at-one-ment”- hierdie atonement baie ernstig moes opneem. Hier is 'n hele saak hieraan gewy, hierdie voorlaaste fees van 7 feeste in hulle jaar handel net hieroor... Ja, die kern van hierdie fees is waar een mens die oog vang. Dit begin by die hoëpriester. Dit gaan terselfdertyd om die heiligste van heilige dinge en plekke. Die Allerheiligste van die tempel. Die trompette het geblaas, die 5de fees kondig dit aan, almal moet dit kan hoor, kan sien. Dan is dit asof die trompette stil word want die hoëpriester gaan die Allerheiligste deel van die tempel binnegaan. Ja, net hy mag daar binnegaan en hy mag dit net één keer in 'n jaar doen, net op hierdie fees, net wanneer dit die groot versoendag is, mag hy die binneste Allerheiligste van die tempel binnegegaan het. Geen ander dag nie, sekerlik sou hy dan sterwe! 'n Mens speel nie en doen nie jou eie dinge rondom die heilige dinge en heilige dae

van God nie. Aäron se seuns het dit op 'n duur manier agtergekom, hulle het dit met hulle lewe agtergekom!

\*\*\*

Die hoëpriester dien as verteenwoordiger van die volk as hy alleen daar mag ingaan. Hy gaan egter in met die gedagte daar sal vir my sonde en die sonde van my volk geoffer moet word. Daar kan geen versoening sonder voldoening wees nie. Lev.16 som die dinge op. Lev. 16:3-5 wys op die jong bul en die ram wat as offers berei moes word. Sy klere moet reg wees, 'n heilige linnerok, linnebroek, linnegordel, linnetulband om sy kop. Dit word heilige klere genoem, sy liggaam moet skool gewas wees vóór hy hierdie klere aantrek. Dan kom die baie interessante deel by wat ons in Lev. 4 ook van die inligting kry. Daar is die bul wat geslag word, eers net vir die hoëpriester Aäron en sy huis moet daar versoening gedoen word.

Dan is daar van twee bokke sprake. Twee bokke wat verskillende mee gehandel gaan word. U onthou hoe daar in Lev. 4 elke keer sprake is van lê die hande daarop! Al twee bokke word voor die hoëpriester gebring en oor die bokke word die lot gewerp. Die lot moet bepaal watter bok as offer vir die Here geslag moet word en die ander bok se lot is om lewendig die woestyn ingejaag te word. Let wel ook eers na daar op 'n besondere wyse die hande op die bok gelê is wat moet lewendig die woestyn in... Hierdie tweede bok dra die lot vir Asasel. Letterlik praat die Engelse van die scapegoat, waar eintlik maar ons Afrikaanse uitdrukking vandaan kom van "sondebok".

Die bok wat die eerste prys moet betaal word geslag. Vóór dit nog dan is eers 'n kalf geslag en dan gaan die hoëpriester met hierdie bloed die eerste keer die Allerheiligste in. Eers moet hy vir sy eie sonde versoening doen. Wanneer dit klaar is, éérs dan kan hy vir die sonde van die volk intree. In Lev. 10:15-19 dan gaan die hoëpriester die tweede keer hierdie Allerheiligste binne. Daardie bok wat geslag is se bloed word dan saamgeneem. Elke keer moet die hoëpriester nog reg geklee wees waar hy met groot respek verby die voorhangsel hier binnegaan waar ook die verbondsark staan, met die versoendeksel bó die ark en nou kom bó dit alles bloed wat daarop gespreinkel moet word. Die bloed kom bó alles, daar kan alleen versoening wees deur die prys wat die dier in sy en sy volk se plek moes betaal, die bloed moet die sonde bedek, daarom dat dit letterlik op alles moes kom lê. Die bloed word oral in die Allerheiligste gespreinkel.

Daarbuite staan die volk en wag. Wag is ook nie niks doen nie. Hulle is ten volle daarby ingesluit in wat alles daarbinne gebeur. Dit gaan ten volle ook om hulle. Hulle sonde, hulle besef van sonde, hulle erkenning van sonde, hulle belydenis van sonde, dit alles moet gebeur vóór daar versoening kan wees. Daarom op die groot versoendag moet die volk vas, niks eet nie, elkeen moet deur 'n nasionale reinigingsereemonie gaan, wat al twee bokke insluit. Die een bok bedek hulle sonde daarbinne, dit is 'n sondoffer vir die Here.

\*\*\*

Die ander stomme dier staan nog daarbuite. Sy maat het hulle die slagare afgesny, sy bloed het tot die laaste druppel uitgevloei, sy lewe het uit hom uitgeloopt, die bloed moet die versoendeksel aanraak, dit moet daarop gesprinkel word, dan eers kan daar versoening wees. Die hande is só daarop gelê dat hierdie bok 'n HANDgebaar bevat, die hande daarop gelê, maar dit gaan ook om 'n HARTgebaar. Elkeen wat dit aanskou sal in sy hart moet sê daardie bok het ter wille van my gesterf, in my plek is dit geslag, die bloed wat daar vloei moes my bloed gewees het.

Ja, die Ou Testament laat ons by hierdie offers altyd weer nie-leeg aan die dieper kant nie. Psalm 51 het Dawid dit ook uitgesing. Die offer wat die Here behaag is nie die bloed van kleinvee of stiere nie, maar die offer waar dit waarlik vir die Here omgaan is 'n verslae hart, 'n gebroke hart, 'n gans verslae gees. Sonde het die manier om aan mens te kleef soos kougom in my hare. Die mens kom nie maklike daarmee te voorskyn nie, maar die mens raak ook nie ligweg daarvan ontslae nie. Tog ons moet die hande daarop lê anders gaan daar geen vordering wees nie.

Die hoëpriester het met die oorblywende bok 'n sigbare hande handeling uitgevoer. Hy lê sy hande op die kop van die lewende bok en dan bely hy hardop die sonde van hom en sy hele volk. Dan word die bok, letterlik die sondebok, die woestyn ingejaag, die sonde nou op hom gelê moet hy wegdra. U sien duidelik dat al twee die bokke betaal die prys. Ja, dit lê nog dieper, die geslagte bok wys op die storting van bloed wat alleen kan betaal, maar sonde wat betaal is, moet ook verwyder word. Die tweede bok wat die sonde wegdra wys op die sonde wat tussen ons en God nie net betaald is nie, maar dit word verwyder. So sou die mens in sy oog, in sy hande, in sy hart, ja in die diepste van sy gees moet elkeen wat dit aanskou daarby homself/haarself sien. Sy siel kan nie vêraf al die dinge aanskou nie. Ons harte het hande wat daarop gelê moet word. Die hand van die hart het Calvyn dit mooi gesê is ons geloof. Die geloof is die hand waarmee ek Christus mee omhels. Ons moet sulke harte hê wanneer ons

vanoggend hierdie 6de fees aanskou, want maak nie saak wie ek is, man of vrou, jonk of oud, gesond of sieklik, dit gaan om God se kinders. Dit gaan om ons harte. Met watter hand is my hart toegerus?!

\*\*\*

'n Hart wat waarlik Christus omhels sien in al hierdie handeling en gebare eintlik net vir Christus raak. Christus het alles kom doen wat ons by hierdie groot Versoendag van lees. Jesaja 52 bevestig dit ook so duidelik. In ons plek het Hy versoening kom doen. Hebreërs 10 bring dit alles bymekaar. As ek vanoggend hierdie fees in sy viering hoor dan vier ons nie meer die fees met diere en bloed en allerhande seremonies nie. Dit sou verskriklik wees as ons dit waag só te vier, want dan erken ons nie die werk van Christus nie, maar in Christus erken ons Hom in elke aspek van die fees. Hy is die Hoëpriester, selfs volgens 'n ander orde, die orde van Melgisedek, maar Hy het Homself geoffer. Die bok wat die lot tref dat dit geslag moet word, daardie skulderkenning het Christus in ons plek moes dra. Daardie bok wat die sonde wegdra, daardie skuldverwydering het Christus in ons plek kom doen. Hy word buite die stad gekruisig, weggejaag, daarbinne vir Hom geen plek nie. Hy dra ons sonde weg. Met sy eie bloed het Hy ons gereinig.

Ja, geliefdes wanneer ons dit sien is daar een groot stuk ellende wat plaasvind. Christus wat deur al hierdie ellende moes gaan om ons ellende op Hom te neem. Hy gaan deur ellende en verdrukking. Wanneer dit voel ons lewe kom in die verdrukking, ons ellende voel vir ons swaar, dink daaraan daar kan geen groter ellende en verdrukking wees as dit waarbinne Christus ingegaan het om ons met God te versoen nie. Ja, hierdie wêreld gaan deur baie ellendes, Openbaring praat ook van baie verdrukking wat die gelowiges gaan tref.

U onthou seker hierdie laaste 3 feeste gaan oor die feit dat Christus wéér gaan kom. Hierdie voorlaaste fees op die groot versoendag is 'n erkenning van die feit daar sal baie ellende en verdrukking wees voordat Christus wéér gaan kom. Wie dit ontken ontken waarlik wat God ons téén waarsku. As die trompette blaas dan moet ons wakker word, ons moet wil vra, wagter hoe laat is dit, waarlik hoe laat is dit in die nag van ons wêreld se bestaan. Dit was verlede week se basuine, se ramshorings, se trompette, om ons te laat beseef hier gebeur groot dinge, maar die basuine vorm die inleiding op die groot versoendag. Die dag waarop ons weet die verdrukking wat Christus se koms voorafgaan, is groot en sal groter word. Ons lê ons hande hierop, hierdie dinge moet ons weet. As ek dit nie weet, as ek dit nie ken nie,

as ek dit nie bely nie, dan kan daar nie vir ons rus in God wees nie. Ons weet dat hierdie trilogie van die laaste feeste gaan om jou in God jou rus te bring.

\*\*\*

Ons erken ons sonde en ellende, ons besef hoe belangrik dit is om hierdie sonde te bely, ons wil ons hande lê op die feit dat alleen Christus vir my kan betaal. Ek moet Hom en sy offer myself ten volle toeëien. Ja, elke keer wanneer ons Nagmaal vier dan word ons weer voorberei op baie van hierdie dinge, selfs word ons vir die oordeelsdag voorberei. Dan sal die basuine blaas, die fees van die trompette, dan sal die groot versoening plaasvind, die wat aan God behoort, aan sy regterhand, die sonder God sal die vreemdheid van die wildernis, die hel ingedryf word. Christus ons Hoëpriester het klaar vir ons die Allerheiligste ingegaan, met sy bloed klaar betaal, as Hy sterf skeur die voorhangsel, juis van bó na onder. God het dit van bó geskeur, dit is nie mense wat dit van onder skeur nie. Op die aarde is daar nie meer hierdie Allerheiligste plek waar net die hoëpriester eenmaal per jaar binnetree nie, maar in die hemel is ons Allerheiligste waar ons Hoëpriester elke dag vir ons intree. Watter voorreg om vandag mee af te sluit. Christus in ons plek maak vir ons plek. Christus sien uit na die oordeelsdag, want die oordeelsdag op aarde gaan vir Christus terselfdertyd die groot versoendag vir sy kinders wees.

Ons kan hier weggaan met God versoen. U kan dit doen maar nie as Christus dit in u, vir u deur u doen nie. Deur sy Heilige Gees moet hierdie erediens ook 'n versoeningsfees wees. Daarom het ons so nodig om te deel in die erediens want so kry ons deel in Christus. Die Gees wat die erediens gee, gee ook ons deel aan Christus. Hy in ons en ons in Hom. Dan het ons hierdie erediens in dankbaarheid, in nederigheid, in eerbied, maar ook met vrymoedigheid tot God wou nader. Dan geniet ons die heerlike gemeenskap en rus met Hom.

Vir hulle daarsonder, watter verskriklike dag as die oordeelsdag nie vir daardie mense die groot versoendag gaan wees nie. Dan is hulle paadjie dieselfde as die sondebok s'n, die pad agter die duiwel aan, dan loop daardie mense daardie bok se pad en daar word van hulle gesê – hulle is vir Asasel, hulle is vir die duiwel.

AMEN